



Die Feesdae, YHWH se Plan Van Verlossing!

In 'n wêreld waar tegnologie teen 'n hoë pas verander en waar lande selfs mense na die maan kan stuur, het waarskynlik 90% of meer van die mense op die aarde geen idee waarom hulle hier is, of wat die Almagtige EI se plan is nie.

Die rede hiervoor is dat die Christenwêreld YAH se heilige feesdae in Levitikus 23 verlaat het in ruil vir mensgemaakte heidense tradisies soos Paasfees en Kersfees wat, soos enige goeie ensiklopedie sal wys, geen Hebreeuse oorsprong het nie.

Yahweh veroordeel sterk die wat Hom deur heidense tradisies aanbid. Deut. 12:30-32 **“neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrikt word nadat hulle voor jou uit verdolg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? —dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met YAHWEH jou Elohiem nie; want alles wat vir YAHWEH 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs**

hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode. Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie.”

Kersfees, wat meer as 4,000 jaar gelede as Saturnalieë bekend was, was nie die geboorte van Messias nie, maar was 'n Babiloniese, Egiptiese en Romeinse heidense feesdag. Lukas 2:8 vertel toe Messias gebore was, was daar skaapwagters in die veld. Dit sal nooit op 25 Desember kon wees nie. Weereens, gaan kyk in enige goeie ensiklopedie en jy sal die waarheid vind.

So ook was Paasfees (*Easter*) of Astarte nooit 'n herdenking van die Messias se opstanding nie, maar is Astarte (waarvan die woord *Easter* vandaan kom) die naam van die Babiloniese lente godin. Messias het in Matt. 12:40 gesê dat Hy vir 3 dae en 3 nagte in die graf sal wees. Jy kan nie 3 dae en 3 nagte vanaf Vrydag sonder tot Sondag oggend in pas nie. Skryf asseblief vir 'n pamflet hieroor: *“The Resurrection was not on Sunday”*. Hierdie heidense tradisies van die mens wat die ware heilige feesdae van YAH vervang het word streng deur die Messias verbied. Markus 7:7-9 **“Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat geboorte van mense is. Want terwyl julle die gebod van YAHWEH nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas: die wassery van kanne en bekere, en ander dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie. En Hy sê vir hulle: Julle verstaan dit goed om die gebod van YAHWEH opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou.”**

Ek wil kortliks vir jou YAH se plan uit die heilige feesdae van Levitikus 23 en die wonderlike plan wat ons hemelse Vader en Sy enigste gebore seun Yahshua (Jesus) vir die mensdom uitgewerk het, wys.

Die heel eerste heilige dag wat in Levitikus 23:2 genoem word is die Sabbatdag. Weereens het ons moderne Christendom dit verander vir Sondag, 'n heidense dag van Baal - die son god. Daar is nie een skrifverwysing in die Bybel om die dit te staaf nie, in teendeel Heb. 4:9 **“Daar bly dus 'n onderhouding**

van die Sabbat oor vir die volk van Elohiem;”. Skryf gerus en vra vir 'n gratis cd oor *“The Sabbath was changed to Sunday.”* Dit is nie deur EL verander nie, maar deur die Katolieke Kerk tydens die konsilie van Nicea deur die Romeinse keiser Konstantyn in die jaar 325. Die Sabbat vertel eintlik vir ons van die tydperk van Yahweh se plan vir die mensdom. In Genesis lees ons dat Yahweh die hemele en aarde en alles daarin in 6 dae geskep het en op die 7de dag gerus het, die Sabbat.

2 Pet. 3:8 vertel ons **“Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Almagtige soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag.”** EI het 6 000 jaar vir die mensdom gegee om hulle eie sisteme, regeringsstelsels, skole, ekonomie en selfs kerke te skep, dan aan die einde van 6000 jaar (as jy die dae van Adam tot nou tel is ons omtrent daar), sal Yahshua, Messias (Jesus) terugkom na die aarde vir Sy 1000 jaar millennium Sabbatsrus hier op die aarde. Dit sal 'n rus wees van oorlog, hongersnood en die heel belangrikste van die sonde. Die Sabbat wys nie net na die Messias as skepper van alles nie, maar ook na sy gou komende terugkeer as Heerser oor die aarde, as Koning van alle konings en Meester bo alles. Dit is waarom Hy homself in Markus 2:28 **“Meester ook van die Sabbat”** noem.

Volgende lees ons in Levitikus 23:4-8 van die heilige feesdae van Pasga (Bybelse Paasfees) en Ongesuurde Brode. Pasga word eerstens as 'n herdenking van Yahshua se gebroke liggaam en bloed vir die vergifnis van ons sondes gevier, sowel as ons verbintenis tot ons doop waar ons Sy offer aanvaar het sodat ons onder die verbond van genade deur geloof kon kom. Joh 6:53-58 verklaar dat as ons nie van die liggaam van Yahshua eet en van Sy bloed drink (Pasgamaal) nie, ons geen lewe in ons het nie. Na hierdie verbintenis aan YHWH, om van ons sondes te bekeer en in ware geloof in Messias te lewe, herdenk die 7 dae van Ongesuurde Brode die verwydering van sondes uit ons lewe. Soos suurdeug iets laat rys, so rys die sonde en trots in die gelowige op. Elke jaar met Ongesuurde Brode bepeins gelowiges die weggesteekte sondes wat nie so maklik

sigbaar is nie, net soos die weggesteekte suurdeug agter in die kas. Om vir 7 dae ongesuurde brood te eet, wat in die Bybel die brood van ellende genoem word, herinner ons aan die offer wat Messias vir ons gemaak het en die harde smal pad na verlossing, Matt 7:13-14. Hierdie gebruike is, selfs na Messias se dood, streng deur die Apostels en vroeë gemeentes nagevolg. In 1 Kor 11:23-29 en 1 Kor 5:6-8 beveel die Apostel Paulus dat die dae gevier moet word.

Levitikus. 23:9-22 vertel vir ons van die volgende heilige feesdag seisoen, Pinkster of Shavout. Pinkster herinner ons aan die uitstorting van die Heilige Gees oor die 1st eeu se gemeente in Handeling 2, en ook aan die 2de Pinkster wanneer YAH weer met die kinders van Israel sal werk en hulle 'n nuwe hart sal gee, Jer 31:31-34. Dit is hoekom die *omer* (eerste ryp graan) wat gedurende Ongesuurde Brode geoffer is (Messias was die vervulling van die *omer* aan Yahweh deur Sy opstanding), geneem is en daarvan twee gesuurde brode vir Pinkster gemaak is, waarvan die een brood die Huis van Israel verteenwoordig en die ander brood die Huis van Juda. Volgens Joodse tradisie is die 10 gebooue (die letter van die wet) met Pinkster gegee, en die Heilige Gees (gees van die wet) is ook op die dag gegee. Die fees is weereens ook deur die Apostels, na die opstanding van Messias, gehou, 1 Kor 16:8.

Nou kom ons by die herfs feesdae, wat ons van die vervulling van YHWH se plan vertel. Levitikus 23:23-25, vertel van die Fees van Trompette wat die terugkeer na die aarde van Yahshua Messias uitbeeld. Open 11:15 **“En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Elohiem geword en van Sy Messias, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.”** In antieke Israel is 'n trompet geblaas om mense van oorlog te waarsku of wanneer 'n koning gekroon word. Met Yahshua se koms sal Hy beide doen.

Dit word dan gevolg met die Dag van Versoening, wat ons vereniging met YHWH uitbeeld wanneer Messias terugkom en alle sonde afskaf. Dit is ook moontlik die

dag van bruilofsmaal van die Lam, Open 19:7-9 **“Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges. Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam.”**

Dan kom ons by die Loofhuttefees, Levitikus 23:33-44. 'n Sewe dae lange fees, wat die millennium heerskappy van Messias en voleindiging van YAH se plan uitbeeld. Jes. 35:5-6 **“Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word. Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis.”**

Dit sal 'n totale genesing wees. Dit is waarom Yahshua so baie op die Sabbat genees het, want dit wys ons hoe dit in die nabye toekoms sal wees, in die tyd van die millennium. Ook in Miga 4:3 **“En Hy sal oordeel tussen baie volke en regspraak vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie.”**

'n Tyd van volmaakte vrede. Israel het gedurende die Loofhuttefees in tente gebly om die mens se tydelikheid voor te stel. Tog is dit 'n wonderlike feestyd en beveel Yahweh ons om in die tyd verheug te wees en vir 7 dae saam met mede gelowiges te wees, om vir ons elke jaar 'n voorsmakie van Sy koninkryk te gee. Die dag na die Loofhuttefees word die Laaste Groot Dag genoem. Dit beeld die groot wit troon oordeel in Open 20:11-15, van almal wat al ooit gelewe het, uit. Dit sal ook, soos hierdie heilige dag, direk na die millennium kom.

Hierdie heilige dag, wat Yahweh se dae is en nie die Jode se dae nie (Lev 23:2), is 'n jaarlikse herinnering aan Yahweh se plan vir die mensdom. Dit is waarom Kol 2:16-17 die volgende sê **“Laat niemand julle dan oordeel (buite die liggaam) in spys of in drank of**

met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of Sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Messias.”

Die gemeente van Kolossense, wat van 'n heidense gebied afkomstig was, was onder druk van die mense om hulle om die heidense tradisies te hou, eerder as die ingestelde heilige dae van Yahweh wat die Apostel Paulus hulle geleer het. Dit is vandag nie baie anders nie. Jy mag dalk vra, maak dit regtig 'n verskil? Maar die hele wêreld het na ander gode gedraai omdat hulle die betekenis van Yahweh se plan, wat deur die dae aangedui word, verloor het. Gen. 1:14 sê, **“En Elohiem het gesê: Laat daar ligte wees aan die uitpansel van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat hulle dien as tekens sowel vir vaste tye (heilige dae), asook vir dae sowel as jare.”** En dit beteken letterlik vir die heilige dae. As dit so belangrik vir El is, moet dit dan ook vir ons belangrik wees. John 4:24 sê **“Elohiem is gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.”** Kersfees en Paasfees is leuens. Messias was nie op die 25ste Desember gebore nie, en Hy het ook het nie op Paas Sondag opgestaan nie.

Die heilige dae van Levitikus 23 is waar, dit vertel ons van die wonderlike plan wat ons liefdevolle Skepper met ons het. Deur hierdie heilige dae in Levitikus 23 het die plan vir 6000 jaar nooit, vir die wat die waarheid gesoek het, verlore geraak nie.

Doen asseblief jou eie navorsing oor hierdie onderwerp en gehoorsaam dan die Almagtige Yahweh van die heelal. Verlaat die heidense tradisies van Babilon en Rome en vier dan die wonderlike heilige dae wat ons liefdevolle Skepper vir ons, Sy kinders wat Hy liefhet, gegee het.

As jy 'n gratis pamflet oor “Hoekom is jy gebore” soek of 'n klankopname oor ware bekering (*True Repentance*), besoek gerus ons webtuiste by:

www.coyhwh.com